# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# *Koninkrykstyd*

**2 JUNIE 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE
**09**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Bedieningsbegeleiding | **Bloemfontein se noordelike stortingsterrein dink GROEN**

## 04 ARTIKELS

04 Bedieningsbegeleiding | **Ons kerk se Erediens Netwerk**

04 Bedieningsbegeleiding | **'n Ryke geskied-kundige kennis**

04 Bedieningsbegeleiding | **'n Opstandingsruiker vir Anneke**

04 Vennote in Getuienis | **Teologiese verskille tussen Islam en die Christendom**

04 Afrika-Ekumene | **Presidentsvrou van Malawi ontvang boek van Phoebe Chifungo**

04 Algemeen | **Die ghoeroe en die gesig van Jesus**

05 Algemeen | **As een lid ly, ly al die lede saam ...**

## 07 DIS 'N RING-DING

07 Ringsprojekte | **Die Ring van Suidoos-Bloemfontein ondersteun voornemende leraars**

## 08 MEDIATEEK

08 Boekbekendstelling | **Inventaris**

## 09 EKOLOGIE

09 Junie | **'n Fees van ekologie-bewusmakingsdae**

## 10 AKTUEEL ALGEMEEN

10 Winterhoop 2023

11 Afrikaanse Bybel – 90 jaar oud

12 CLF | **66 Jaar**

14 Advertensies

## 16 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 20 VERJAARSDAE

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 22 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Melissa Jacobs
Magdaleen du Toit
Dr Enrico Casaleggio
VrydagNuus Kaapkerk
Mnr Hennie van der Walt
Noord-Kaapland eNuus
Ds Dries Cronjé | Kerkbode
Missie Japan | CLF | TOIBO

---

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

Gerontologie Netwerk bied GRATIS aan **"'n Onoorwinlike Somer!" met prof Jaco Hoffman op 8 Junie 2023** te Geloofsentrum Universitas, BFN.

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende Vrypos-uitgawe verskyn op **Vrydag 16 Junie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



VRYPOS-FOKUS

# BLOEMFONTEIN SE NOORDELIKE STORTINGSTERREIN DINK GROEN

"There will come a time when only those who are able to plant, will be able to eat ..."

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

Verbeel jou 'n welige groetetuin by 'n stortingsterrein ... jy sien berge van plastiek, wapperende papiere en geroeste blikkies, maar aan die voet daarvan 'n groen oase van lewe en hoop. As dít jou nie opgewonde maak nie, gaan min dinge jou laat glimlag.

Thabo Olivier, bekende stigter van **Let's Grow Food**, asook groente-dosent, se Facebook-intro som sommer dadelik sy passie op: *Creating a community of citizens who are passionate about South Africa, health, RESILIENCE, and FOOD.* En watter mens wat ook droom daaroor om mense se lewensomstandighede te help verander wil nou nie saam met so 'n entoesiatiese man-met-planne in dieselfde juk trek nie?



En dis presies wat die NG Kerk Sinode Vrystaat gedoen het. **Maar ons loop nou die storie vooruit. 'n Mens moet darem eers weet wie jou vennoot is, so ons het by Thabo self gaan hoor waarom en hoe hy op dié pad beland het.** Thabo vertel: "Ek het in 2010 in een van Bloemfontein se oudste plakkerskampe in Mangaung gaan woon om sodoende die Vrystaat se Provinsiale Regering te probeer dwing om dié informele nedersetting te formaliseer. Dit beteken dat daar menswaardige huise vir hierdie mense gebou moes word, aangesien hulle toe al jare lank in haglike omstandighede gewoon het. "Nadat dit geformaliseer is, was die mense baie dankbaar oor hul woonomstandighede wat soveel beter was. Die hoë werkloosheidskoers het egter beteken dat baie mense steeds sonder werk was, net 'n karige inkomste verdien het of net van 'n staatstoelae afhanklik was. Die mense was honger.

"Toe ek hulle aanmoedig om groentetuine te begin aanlê, het ek gou gehoor dat hulle nie weet hoe nie. Ek het my toe begin toespits op die opleiding van groenteverbouing aan belangstellendes op die goedkoopste manier moontlik. Ons het begin soek na herwinbare materiaal op stortingsterreine en daarmee groentetuine begin aanlê. En hier is ons steeds, dertien jaar later!"

***So, hoe het jy toe by die NG Kerk Vrystaat begin betrokke raak?***

"Ek is uit die bloute in 2022 deur ds Barnard Steyn genader," vertel Thabo. "Hy het van my projek en werk gehoor en wou hê ek moes 'n voorlegging daaroor doen aan die bestuur van die NG Kerk Sinode Vrystaat. Op daardie stadium was die sinode dringend op soek na projekte waarby hulle kon aansluit om die lewensomstandighede van mense wat by die noordelike stortingsterrein van Bloemfontein woon, te help verbeter as deel van hul uitreikprogram.

"Dit was soos musiek in my ore! Elke dorp of stad het ten minste een of meer stortingsterrein met meestal haglike omstandighede. As hiérdie projek dus kan slaag, sal dit 'n bloudruk kan vorm van ander soortgelyke projekte in die toekoms ook."

***Wat moet 'n mens in gedagte hou as jy so 'n projek wil begin?***

Hierop antwoord Thabo kort en bondig: "Look and learn!" Hy verduidelik: "Voordat jy so 'n projek aanpak, moet die *Critical Success Factor* (CSF) daar wees. Dit beteken dat mense moet inkoop by die idee; hulle moet besef dat dit nie jou projek is wat hier van die kant af inkom om iets vir jouself te doen nie, maar dat dit húlle projek is. Daardie gemeenskap moet snap hoe dit hulle gaan baat en die eienaars daarvan word. "Hulle moet ook besef dat hulle hulself moet orden," verduidelik Thabo verder.

*Kyk gerus ook na hierdie **video** van Thabo en kontak hom by thabo.olivier1@gmail.com vir meer inligting.*

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerke

## Ons kerk se Erediens Netwerk

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Teologiese Opleiding

## ’n Ryke geskiedkundige kennis

*Melissa Jacobs, klasleier van die groep Nagraadse Diploma in Teologie*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Spiritualiteit Netwerk

## ’n Opstandingsruiker vir Anneke

*Magdaleen du Toit, Spiritualiteit Netwerk*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

## Teologiese verskille tussen Islam en die Christendom

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

## Presidentsvrou van Malawi ontvang boek van Phoebe Chifungo

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

ALGEMEEN

Verhaal

## Die ghoeroe en die gesig van Jesus

*Dr Enrico Casaleggio*
*Leraar van NG Gemeente Fichardtpark*



**Lees hier**

# ARTIKELS

ALGEMEEN

ALGEMEEN



# AS EEN LID LY, LY AL DIE LEDE SAAM ...

*" As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly."*

1 KORINTIËRS 12:26 (AFR83)

Deur **mnr Hennie van der Walt**
*Voormalige direkteur van die Sinodale Kantoor*

Wanneer mense vir 42 jaar plus saam werk in een kantoor, dan beleef jy mekaar se lief en leed in meer as een opsig. Jy beleef mekaar se troudae, kinders grootmaak, kinders se huwelike, jy ken jou kollegas se broers en susters, en verneem selfs van kleinkinders se geboortes. Meer nog, as kind van die Here, is jou "beroep" in die kerklike organisme nie maar net nog 'n werk nie. Jy kom meer onder die indruk van bepaalde werk in diens van die Here, en dit maak van jou en jou kollegas 'n hegte en egte familie. Saam werk julle aan die normale administrasie, sinodeverslae, agendas, handelinge, voorbereidings en logistiek vir sinodes, soms reël en bied julle saam jeugkampe aan. Alles dinge wat 'n hegte band bind wat amper meer is as om net broers en susters te wees.

Wanneer so 'n broer of suster deur 'n tyd van beproewing gaan, dan ervaar jy iets van Paulus se stelling: **"As een lid ly, ly al die lede saam."**

Dit was dan ook die afgelope tyd ons ervaring (nie net vanaf Februarie tot 19 Mei 2023 nie, maar ook vanaf September 2021) toe ons kollega, voormalige Direkteur: Admin en Finansies André Esterhuizen, se gade, Marcia baie ernstig siek geword het en ons ontval het. André het in 1979 by die Sinodale Kerkkantoor aangesluit. Marcia was toe skriba/kassier van 'n gemeente op Parys waar hulle voorheen gewoon het. Sy was tydelik deel van die Kerkkantoor-personeel, skriba/kassier van Fichardt-kruin- en Pellissier-gemeentes en ook werksaam by die destydse Sondagskool Boekhandel. Om haar lyding te moes aanskou was 'n pynlike ervaring. Maar as haar laaste woorde aan my was, met 'n glimlag op die gesig, "ek is nou in Jesus se hande", is dit vertroostend.

**Lees meer** »

**GERONTOLOGIE NETWERK** BIED **GRATIS** MET TROTS AAN

# 'N ONOORWINLIKE SOMER!



**SESSIE 1 |** Om ouer te word op die "jongste" kontinent: Tendense en uitdagings...

**SESSIE 2 |** 'n Koninkryk/Kerk vir alle ouderdomme en fases!

## JACO HOFFMAN

Veroudering en Generasiedinamika in Afrika (AGenDA). Optentia Navorsingseenheid, Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika. Oxford Instituut vir Bevolkingsveroudering, Universiteit van Oxford, VK.

https://youtube.com/live/TAQTnVQVZuY

5 VBO FORUM -punte

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**Jaco Hoffman** (DPhil, Oxon) is 'n professor in sosio-gerontologie in die Optentia-navorsingseenheid, Noordwes-Universiteit, waar hy die Veroudering en Generasiedinamika in Afrika (AGenDA)-program as 'n NRF1-gegradeerde navorser lei. Hy is ook professorale genoot by die Instituut vir Bevolkingsveroudering, Universiteit van Oxford, waar hy die Afrika-navorsingsnetwerk oor veroudering (AFRAN) koördineer. Hy is 'n ere-professor in die Instituut vir Veroudering in Afrika, Departement Geneeskunde, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit van Kaapstad; 'n voormalige president van die Suid-Afrikaanse Gerontologiese Vereniging (SAGA) en stigterslid van die Suid-Afrikaanse Ouer Persone Forum. Jaco is 'n mede-direkteur van die Internasionale Langlewendheidsentrum (ILC) Suid-Afrika, asook 'n direkteur van die Internasionale Federasie van Veroudering (IFA)-Raad. Boonop word Jaco genomineer as een van 15 Globale Kommissarisse vir Die Lancet-joernaal oor langtermynsorg vir ouer persone tot 2025.

**DONDERDAG 8 JUNIE**
**09:00** tot **13:00**

**GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS**
Straussstraat 12, Universitas, BFN

**NAVRAE**
Jors @ **082 783 0730**

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Ring van Suidoos-Bloemfontein
## ondersteun voornemende leraars

"My legitimasie het dit moontlik gemaak om nie net my roeping te begin uitleef nie, maar om ook gemeentes te kon begin dien met die gawes waarmee God my toegerus het." So vertel dr Elrika van den Berg wat, danksy sinodale finansiële ondersteuning via die Ring van Suidoos-Bloemfontein, aan die einde van 2022 gelegitimeer kon word. Ds Jacques Else wat ook, danksy hierdie ondersteuning, 'n bedieningsgeleentheid kon kry, vertel: "Dit was vir my 'n wonderlike ervaring toe my droom bewaarheid is met my legitimasie en daaropvolgende bevestiging as leraar by die NG Kerk Estoire. Ek is so dankbaar vir die deur wat ons Vader oopgemaak het."

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 beskikbaar gestel aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun.

Die versoek was dat diens dan in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word. "Wat die Ring van Suidoos-Bloemfontein betref, het ons ingeskakel by Bedieningsbegeleiding as 'n sinodale bediening," vertel ds Marthiens Heymans, skriba van dié ring.

### Vertel ons meer van julle projek

Heymans vertel: "Die Ring van Suidoos-Bloemfontein het R10 000 gebruik om dr Elrika van den Berg te help om haar diverse opleidingsbaan met die oog op bedieningsbevoegdheid te voltooi. Sy is aan die einde van 2022 gelegitimeer. Van den Berg vertel: "Vandat ek vyf jaar oud was, wou ek predikant word en het dit as klein dogtertjie aan my ma vertel.

**Lees meer** »

# MEDIATEEK

MOET DIT NIE MISLOOP NIE




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Loer hier** »



# VIER EN BESKERM DIE NATUUR

**Oorgeneem** | *VrydagNuus Kaapkerk, 2 Junie 2023*

## Junie | **’n Fees van ekologie-bewusmakingsdae**

As ’n mens sien hoeveel buitelugtydskrifte en boeke oor natuurparke, wandelpaaie en kampering daar op die rak is, besef jy hoe hierdie mark die afgelope paar dekades ontplof het. Mense het in die algemeen al hoe meer bewus geraak van die waarde van ons interaksie met die natuur, die belangrikheid van rus in ons gejaagde lewe en die energie wat ons kry deur die natuurlewe om ons. Wêreldwyd is daar ’n ernstige oproep tot elke mens op aarde om met erns ons kosbare natuur te beskerm en in stand te hou. Ons as navolgers van Christus behoort hierdie bewuswording met groot erns te beskou. Hierdie week is propvol gelaai met ekologie-bewusmakingsdae. Doen jou deel en vier die volgende op

**3 Junie** | **Wêreld-fietsdag**

**5 Junie** | **Internasionale Dag vir die stryd teen onwettige, ongerapporteerde en ongereguleerde visvang**

**5 Junie** | **Wêreld-omgewingsdag**

**8 Junie** | **Wêreld-oseanedag**

United Nations




**Persverklaring »**

**Lees hier »**

**WINTER** HOPE • HOOP is 'n nasionale inisiatief wat die afgelope paar jaar deur MES, PEN, His Hands en Torings van Hoop gedryf word in die maand van Junie om hoop te bring aan hulle wat op straat probeer oorleef. Warm klere, komberse en kos maak in die winterkoue die wêreld se verskil aan hulle wat daagliks aan die elemente blootgestel is. Vanjaar het Torings van Hoop besluit om nie net op Bloemfontein te fokus nie, maar om wyer te kyk na die nood van haweloses en armes in die groter Vrystaat. Daar is alreeds 'n klompie aflaaipunte geïdentifiseer in dorpe soos Bethlehem, Viljoenskroon, Sasolburg, Bethlehem, Ficksburg, Ladybrand, Kroonstad, Welkom en Edenburg, met nog plekke wat op die punt is om deel van hierdie grootse beweging te word. Die plan is om dit wat op 'n bepaalde dorp en in 'n bepaalde streek geskenk word, juis daar aan te wend. Kerke en ander organisasies is besig om aan boord te kom om hierdie winter regoor die Vrystaat na haweloses en armes uit te reik. Kom raak deel van wat die Here besig is om vanjaar te doen. Kom gee Hoop. Kom gee Warmte.

**Indien jy belangstel om op enige manier betrokke te raak, kontak ds De la Harpe le Roux by dlh@towersofhope.org**



**Oorgeneem** | ***Noord-Kaapland eNuus, 31 Mei 2023***
*(Ilze Nieuwoudt – Afriforum wêreldwyd)*

# Afrikaanse Bybel – 90 jaar oud

Op 29 Mei 1933 vind 'n merkwaardige gebeurtenis in Suid-Afrika plaas. Hoewel die voorbereiding hiervoor reeds jare se werk geverg het, staan hierdie geskiedkundige dag in 1933 uit as die dag waarop die eerste besending Afrikaanse Bybels vanuit Londen in Kaapstad aangekom het. Die vertaling van die Bybel in Afrikaans het beslis nie oornag plaasgevind nie. Inteendeel, die eerste Bybelboek – die Evangelie volgens Markus – is reeds in 1878 deur CP Hoogenhout in Afrikaans vertaal. Die manuskrip is volgens die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap nooit gepubliseer nie en is nog steeds in bewaring in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad.

Die eerste volledige weergawe van die Bybel is eers in 1933 uitgegee. Dié weergawe is vertaal deur proff JD du Toit (die digter Totius), EE van Rooyen, JD Kestell, dr HCM Fourie en prof BB Keet. Daarna het 'n nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel in 1983 gevolg, en in 2008 die eerste Afrikaanse Bybel vir dowes. Dit is slegs die tweede vertaling van die Bybel ter wêreld wat spesifiek vir mense met hierdie gestremdheid vertaal is. Uiteindelik het daar ook in 2020 'n nuwe Afrikaanse vertaling verskyn wat in 'n moderne "vloeiende, idiomatiese Afrikaans" vertaal is.

Volgens die Genootskap van Regte Afrikaners het dr Arnoldus Pannevis in 1872 die eerste keer 'n openbare pleidooi gelewer vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. In sy brief in die koerant *De Zuid-Afrikaan* voer hy aan dat die Nederlandse vertaling van die Bybel vir die sogenaamde "eenvoudiger gedeelte van die bevolking" 'n geslote boek geword het omdat hulle dit nie verstaan nie. Die reaksie wat daarop gevolg het was negatief en dit was duidelik dat baie mense gekant was teen die vertaling van die Bybel in Afrikaans. In 1873 het CP Hoogenhout die verhaal van Josef in Afrikaans vertaal en uitgegee as "Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huissouwens, in hulle eige taal geskrijwe deur een vrind".

Teen November 1874 het Pannevis en Hoogenhout kragte saamgesnoer om by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te pleit vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Later, op 'n predikantekonferensie in 1875 op Wellington, is die versoek om die vertaling in Afrikaans ook afgekeur. Hierdie toedrag van sake het gelei tot die besef dat 'n stryd begin moes word vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal. Met die oog daarop is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) onder leiding van ds SJ du Toit (Totius se pa) op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig. Teen 1878 het die Genootskap uiteindelik besluit dat dit nou 'n goeie tyd was om die vertaling aan te pak en aan ds SJ du Toit opdrag gegee om daarmee voort te gaan.

Met verloop van tyd het die eerste boeke stuk-stuk verskyn. In 1893 Genesis, in 1895 Matteus, in 1898 Openbaring, Hooglied in 1905, in 1907 die Psalms, Handelinge in 1908 en Markus in 1908. In Oktober 1911 sterf Du Toit. Hy was in daardie stadium nog ywerig besig met die vertaling van Lukas en het dus nie die finale produk wat uiteindelik in 1933 die lig gesien het, beleef nie.




***Foto:** Die eerste eksemplare van die Afrikaanse Bybel is in Mei 1933 by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap afgelewer.*

***Bron:** Nasionale Argief, Pretoria.*

Hoe dit ook al sy, vandag is daar meer as 6,8 miljoen Suid-Afrikaners wat Afrikaans as huistaal praat en met dankbaarheid kan terugkyk op daardie geskiedkundige dag in 1933 toe die Bybel vir die eerste keer in ons moedertaal ontvang is. Teen November 1874 het Pannevis en Hoogenhout kragte saamgesnoer om by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te pleit vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

# Veels Geluk

CLF

66 JAAR
in diens van die Here

CLF

# GEE R66

Snap om donasie te maak

SnapScan

ABSA Bank
Rek no: 470 188 502
Tjek rekening
Takkode: 632005

Besoek
https://clf.co.za/donations/
vir verdere opsies

EFT

vir CLF se
66 JAAR
in diens van die Here

SATERDAG 1 JULIE | PHILIPPOLIS

# STIL WORD

## GRATIS DAGRETREAT VIR VROUE

"Word stil en luister om God se stem te kan hoor – hoe onderskei ek God se stem te midde van die gewoel en geraas van die lewe?"

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**09:30 VIR 10:00 TOT 15:00**

**KONFERENSIELOKAAL | GEMEENTE-SENTRUM NG KERK PHILIPPOLIS**


**Magdaleen du Toit**, spirituele begeleier en sameroeper van die Spiritualiteit Netwerk van die NG Kerk Vrystaat, is die aanbieder. **Toegang is gratis**, maar bring asseblief 'n bordjie met vinger-eetgoed wat ons kan deel vir 'n ligte middagete.

ALMAL WELKOM

**BESPREKINGS | Magdaleen by 083 226 9732 voor Woensdag 28 Junie 2023**



Jeugdag
16 JUNIE
Klik hier

SPESIALE AANBOD
Ter viering van:
90-jaar van die Bybel in Afrikaans
DIE BYBEL
WAS R159
NOU R79
Klik hier




Die gemeente van Tarkastad wil graag die een buitemuur van die kerk herstel wat besig is om te verbrokkel. Die N.G.Kerk is die middelpunt van Tarkastad en dis belangrik vir ons as gemeente om die kerk van God instand te hou en sodoende Sy Koninkryk uit te brei. Enige donasie, hoe klein ook a sal baie waardeer word. Kontak The by 082 705 6657 of per epos, theawait@gmail.com as u 'n donasie wil skenk.
Klik hier




HAPPY FEET 2
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
SEND AN EMAIL TO INFO@ENGO.CO.ZA AND WE WILL CONNECT YOU TO
Klik hier




Child Protection Awareness
Date: 02 June 2023
Time: 12:00
Venue: Inibos, 23 Wim Botha street, Lang
Entrance fee:
Any toiletry item
Engo
Klik hier





Child Protection We
It is in our hands to stop the cycle of neglect, abuse, violence and exploitation of children.
STOP AND REPORT!
CONTACT
0800 055 555
Engo
Klik hier




VERKOOPSAGENTE VIR CLF BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
2. PRODUKTE
Verkoopsagente ontvang die fisiese voorraad produkte soos ooreen-gekom wat in of deur die CLF Boeksentrum ver-
CLF BOOKSHOP BOEKWINKEL
4. VERDIEN
Verkoopsagente ontvang maandeliks kommissie, soos ooreengekom vir alle verkope van die vorige maand (en waarvoor
Klik hier




Competition
Father's Day
Five lucky winners will each win a book hampe to the value of R800
Net voor die droogte my breek
Evangelie van Johannes
Klik hier

2023 Jaarboek
van die
Nederduitse Gereformeerde Kerke
Klik hier


DIE
GENERASIE
bagasie
ERVARING
4 - 6 AUGUSTUS 2023
BESPREEK HIER
R600 PER PERSOON | *VERBLYF UITGESLUIT
VIND WEER DIE MENSWEES
IN JOU MANWEES
SAAM MET
WENTZEL COETZER
Clarens
HERMITAGE
NG Kerk
Vrystaat

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

excelsus
SENTRUM VIR
BEDIENINGSONTWIKKELING

## "Kom ons lees die Bybel"

VBO FORUM

**13-14 Junie 2023** | Die eerste van vanjaar se reeks aanlyn aanbiedinge oor die lees van die Bybel: "Kom ons lees Deuteronomium". Navrae @ excelsus@up.ac.za

Lees meer + Registreer +

## Pastorale Beradingskursus

VBO FORUM

**20 Junie 2023** | 'n Aanlyn (Zoom) Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer met die titel: Mede-afhanklikheid en emosionele gebrokenheid.
Navrae @ 083 660 0409 / e-pos: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Registreer +

## Prediking van die Ou Testament

VBO FORUM

**20-21 Junie 2023** | 'n Uitnodiging na twee oggend-seminare saam met die teoloog, prof Dennis Olson, oor die prediking van die Ou Testament.

Lees meer + Registreer +

## Brugbediening 2023

VBO FORUM

WEEK 1: **31 Julie - 4 Augustus 2023** | WEEK 2: **30 Oktober - 4 November 2023**
Opleiding van brugpredikante tydens predikantsverwisseling, deur prof Malan Nel.

Lees meer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**Nuusbrief**
Missie Japan

**Lees hier »**

**Nuusbrief**
CLF

**Lees hier »**

**Nuusbrief**
TOIBO

**Lees hier »**

## BROKKIES UIT kerkbode

**Andrew Murray-prysfonds: Wenners aan die woord oor groensake, profesie, vals profete en kerkeenheid by vanjaar se oorhandiging**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Boeke en Media, 30 Mei 2023*

**Kerkorde en kerkreg: 'n Staf, nie 'n stok om mee te slaan nie: In gesprek met dr Antionette Janse van Rensburg**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Artikels, 29 Mei 2023*

ELDERS GESIEN

**Eerste Bybels in Afrikaans in hand geneem op hierdie dag, 1933**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Nuus, 29 Mei 2023*

**Selfdegeslagverbintenisse: Alle gesprekke help ASM 'om tot groter helderheid oor die betekenis en implikasies van die 2019-besluit te kom'**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Aktueel, Verklarings, 28 Februarie 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

## BFN-NOORD

BASAAR

**KERSFEES IN DIE WINTER**

Kom kuier lekker saam!

Vrydag 16:00 - 20:00 | Saterdag 08:00 - 12:00

**02** DAG **06** MAAND **23** JAAR

## BFN-NOORD

BASAAR | PRETDAG

**KERSFEES IN DIE WINTER**

Almal welkom | Boeresport, Pretloop ens

Saterdag 08:00 - 12:00

**03** DAG **06** MAAND **23** JAAR

nuut

## GERONTOLOGIE

GRATIS

**'N ONOORWINLIKE SOMER!**

Aanbieder | Prof Jaco Hoffman

Geloofsentrum Universitas | 5 VBO-punte

**08** DAG **06** MAAND **23** JAAR

nuut

## ZASTRON

GHOLFDAG

**ZASTRON GHOLFKLUB**

Gholfspelers en nie-gholfspelers

Afslaan vanaf 11:00 | Lekker pryse te wen

**10** DAG **06** MAAND **23** JAAR

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS










# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Oorgeneem** | Kerkbode Amptelike Nuus, 19 Mei 2023

**Ds Solomon Jansen (Sollie) Pretorius** van Bloemfontein het die beroep as brugleraar vir ses maande na die NG Gemeente Kerkenberg op Harrismith aanvaar. Sy bevestiging het op Sondag 21 Mei 2023, tydens die erediens om 10:00, plaasgevind.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE

## JUNIE »



**Veels geluk!**

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

| | |
|---|---|
| 03 | Ds Berg Müller<br>**WILGEHOF** |
| 04 | Mev Danielle van Heerden<br>**SINODALE KERKKANTOOR** |
| 05 | Ds Bertus Celliers<br>**RIETFONTEIN** |
| 09 | Ds Adrie Potgieter<br>**SENEKAL-NOORD** |
| 10 | Dr Joe Müller<br>**BETHLEHEM-OOS** |
| 10 | Mnr Eric Heig<br>**BOUDEPARTEMENT** |
| 12 | Ds Robbie du Toit<br>**ESTOIRE** |
| 13 | Ds Willie Badenhorst<br>**WATERBRON** |
| 15 | Mnr Raldo du Preez<br>**BOUDEPARTEMENT** |
| 17 | Dr Suzanne van der Merwe<br>**KROONSTAD-NOORD** |
| 18 | Ds Hansie Swart<br>**FAUNA** |
| 19 | Ds De la Harpe le Roux<br>**SINODALE KERKKANTOOR** |
| 21 | Ds Rikus Botha<br>**UNIVERSITAS/VERKEERDEVLEI** |

TEKS: **Eksodus en Johannes**
**Ds Dries Cronjé** | Leraar van NG Gemeente Viljoenskroon

# Wie God is, is altyd belangriker as wat God gee

Pinkster is die viering van God se teenwoordigheid by elke gelowige deur die Heilige Gees. Dit is die geboorte van die kerk. God wil hê dat ons Hom sal ken. Daarom is die manier waarop Johannes Jesus bekendstel aangrypend. Johannes kies om nie 'n "volledige verslag" te gee, soos die ander evangeliste, aangaande Jesus se optrede op aarde nie. Hy stel Jesus aan ons bekend deur sewe "Ek is"-uitsprake. Dit sou natuurlik die Jode onmiddellik herinner aan God wat Homself aan Moses bekendstel as

## *"Ek is Wie Ek is" (Eksodus 3:14)*

Wie is God vir my en jou? Dit is 'n belangrike vraag, want dit dwing ons om ons verhouding met en verbintenis aan Jesus te beoordeel, nie op grond van wat ons van God ontvang nie, maar op grond van hoe ons identiteit bepaal en gevorm word deur God se identiteit. Wie God is, is altyd belangriker as wat God gee.

Jesus maak Homself bekend:

**Joh 6:48** | "Ek is die brood van die lewe"

**Joh 8:12** | "Ek is die Lig vir die wêreld"

**Joh 10:7** | "Ek is die deur vir die skape"

**Joh 10:11** | "Ek is die goeie Herder"

**Joh 11:25** | "Ek is die opstanding en die lewe"

**Joh 14:6** | "Ek is die weg en die waarheid en die lewe"

**Joh 15:1** | "Ek is die egte druiwestok"

Dit lyk asof die hoogtepunt van hierdie bekendstelling waarskynlik Johannes 14:6 is. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Wie is Jesus? Hy is die weg na God. Wie kan óns wees? "Mense van die weg". So is die gelowiges genoem tydens die eerste eeu na Christus. God se "Ek is" het 'n direkte implikasie vir wie "ek en jy is". "Kurios" en "Kuriake". Die weg ... en die mense wat hierdie weg bewandel. Hoe leef ons dan as "mense van die weg"? Ons sou baie daaroor kon sê. Vir my het die gebeure ná God se eerste bekendstelling van Homself aan Moses betekenis.

Lees meer »



Foto: **Ds Dries Cronjé**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure, bydraes of inligting
voor 12:00 Woensdae na
cmclean@ngkvs.co.za



Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

# Samestellers

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking